**Woensdag 5 Desember**

| Skrifgedeelte: Johannes 14:1-19 | Fokusgedeelte: Johannes 14:6, 13-14; Heidelbergse Kategismus 45:117 |
|---|---|

# In die Naam van Jesus Christus!

Jesus die Here leer ons dat niemand na die Vader kom behalwe deur Hom nie. Dit geld nie bloot net in ons verlossing nie, maar ook in ons gebede. Al gebruik ons al die regte woorde en al kom dit met groot erns uit die hart, beteken dit nog niks as dit nie gebid word in die Naam van ons Middelaar Jesus Christus nie. Op ons eie kan ons dus nie voor God intree met die hoop dat Hy ons verhoor nie.

Die rede hiervoor is omdat ons weens die sonde nie enige reg het om iets van God te vra nie. Net soveel as wat die verlossing van Christus waaraan ons in die geloof deel kry, genade is, so is alles wat ons van God vra ook net ’n smeekgebed wat op sy genade hoop. Ons bid in die Naam van Christus omdat Hy ook vir ons gebede voor die Vader vir ons intree. Ons bid dit in sy Naam omdat Hy ons gebed voor God heilig.

Dit beteken dat ons gebede, so seker as wat ons sondes in Christus betaal is, deur God in die Naam van sy Seun verhoor word. Die wonderlike troos hierin is dat ons Middelaar Jesus Christus, soos Hebreërs ons leer, ons Hoëpriester geword het. Hy het medelye met ons omdat Hy alles wat ons deurgaan, in soveel groter mate verduur het. Daarom weet ons dat God in Christus ons gebede sal verhoor, sodat dit vir ons nog beter gegee sal word as wat ons dit gevra het. God gee dus nie om ons wil te bevredig nie. Hy gee ter wille van sy Seun en tot ons beswil.

Onthou in die gebed Christus se belofte: “As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen.”

*Sing: Psalm 33-1:1, 2, 11*

*Ds. HFR (Riekert) Pelser (Vaalharts)*